Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

AFRIKAANS HUISTAAL V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 45 bladsye.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae en die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae*:*
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyne is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

"27 april 1994" – Vincent Oliphant

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

H = Halfrym
T = Tipografie
B = Beeldspraak
V = Vryheid

LET WEL:
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
  - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 halfrym, 1 tipografie en 1 beeldspraak wat gekoppel is aan die vryheidsgedagte.
  - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/ PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n toepaslike inleiding aan.		
HALFRYM		
Die toegevoude stembrief lyk soos 'n voël se vlerke wat tussen die duim en vinger vasgeknyp word om in die stembus gegooi te word. 'n Aksie wat vryheid bring.	Die v-alliterasie wat die beskrywing van die stembrief gee, versterk die gedagte van vryheid.	Versreël 2: *knyp sy **v**lerk tussen duim en **v**inger **v**as*
Wanneer die spreker die stembriefie ingooi, vou hy ook die verlede, waar hy as gevolg van Apartheid ontneem was van sekere regte, toe. Nou is hy dus vry van daardie tyd.	Die *gleuf* verwys na die aksie van die pos van die stembrief wat vryheid bring. Die *geskiedenis* wat deur die *gleuf glip* verwys na die verwydering van Apartheid. Dit maak mense dus vry en die g-alliterasie onderstreep hierdie gedagte.	Versreël 3: *tot hy veilig deur 'n **g**leuf in die **g**eskiedenis **g**lip*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

HALFRYM		
Die spreker kan nou vorentoe kyk, die verlede vergeet en saam met die *duif van vrede* sy vlerke sprei en vry wees.	Die d- en s-alliterasie dra by tot hierdie gedagte van loswees van die verlede en die gryp na die vryheid.	Versreël 7: *die duif van **v**rede **s**y blou **v**lerke **s**prei.*
Die spreker het nou stemreg en hy het nou ’n stem waarmee hy nou oor sy vryheid en reg wil praat.	Die s-alliterasie beklemtoon die feit dat die spreker nou mag stem en dat hy oor hierdie vryheid wil praat.	Versreël 8: ***s**odat my nuutgebore **s**tem na woorde **s**mag*
Die afskaffing van die Apartheidswette gee die spreker ook vryheid.	Die v-alliterasie laat duidelik die wegval van die Apartheidswette klankmatig hoor. Hierdie wegval, bring vryheid.	Versreël 11: *bo die geruislose **v**al **v**an skanse **v**an die **v**el*
Die herhaling van *uiteindelik* beklemtoon dat daar eers baie moes gebeur,	maar op 27 April 1994 is dit voltooi en daarmee saam het vryheid gekom.	Versreël 1: ***uiteindelik** vou ek die verlede toe* Versreël 14: ***uiteindelik** myself te kan sien*
TIPOGRAFIE		
Die alleenplasing van die woord *vry*	beklemtoon die gevolg van 27 April 1994.	Versreël 6: *vry*
Versreëls 16 en 17 vorm ’n koeplet wat funksioneel is,	want twee bevolkingsgroepe is verenig wat op vryheid vir beide dui.	Versreël 16: *om aan hulle hand te gee* Versreël 17: *en te voel hoe vlees en vlees ontmoet.*
Die herhaling van *loop* beklemtoon dat almal saamgebind word.	Hierdie wete dat die bevolkingsgroepe eintlik saamgebind is as een gee vryheid in denke en optrede.	Versreël 18: *want een lyn van bloed **loop** deur die eeue* Versreël 19: ***loop** deur die ganse geskiedenis* Versreël 20: ***loop** deur my en loop deur jou*
Enjambement loop deur die hele gedig. Dit sluit aan by die gedagte van vryheid.	Die enjambement beklemtoon die gevoel van vryheid. In strofe een beklemtoon enjambement juis die twee woorde *vry* en *sprei.*	Versreël 6: *vry* Versreël 7: *die duif van vrede sy blou vlerke sprei*
BEELDSPRAAK		
In versreël 7 word die stembrief gelykgestel aan ’n duif. Ons het dus hier met ’n metafoor te make.	’n Duif is ’n simbool van vrede en daar is slegs vrede wanneer almal vry is.	Versreël 7: *die duif van vrede sy blou vlerke sprei*
Die *lied* in versreël 9 word metafories gesien.	Die lied verteenwoordig vreugde en goeie wense wat slegs kan wees as almal vry is.	Versreël 9: *om ’n lied vir my land*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

ARGUMENT	MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die vlag is simbool van vryheid en reg. Dus 'n vergelyking.	voel hy dat hy die reg het om sy stem te laat hoor.	Versreël 9: *om 'n lied vir my land* Versreël 10: *soos 'n vlag aan die tong te laat sweef*
Hy vergelyk hom met 'n vreemdeling wat skielik weer mense in die oë kan kyk na 'n lang ballingskap.	Hierdie nuwe vryheid het dus die spreker nuut gemaak.	Versreël 14: *uiteindelik myself te kan sien* Versreël 15: *soos iemand wat ek nooit geken het nie.*
Die kandidaat bied 'n toepaslike slot aan.		
		[10]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

"Vroue van Vermeer" – T.T. Cloeteler

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	A √ *Die kandidaat gee SLEGS die letter; **nie** die hele antwoord **nie**.*	1
2.2	Die leser weet dadelik dit handel oor die kunswerke van Vermeer. √ **EN** Halfrym/ v-alliterasie/alliterasie hef die titel uit. √ **EN** "Meestal" √	1 1 1
2.3	Die vrou is vasgevang binne haar huis / Dit dui op die vrou se vasgevangendheid. √ **EN** Die brief is simbolies van die enigste kontak wat vroue met die buitewêreld gehad het. √ *Die kandidaat moenie die stylfiguur **benoem** nie.*	1 1
2.4	Die venster is simbolies van die kontak met die wêreld. √ *Die kandidaat moenie die stylfiguur **benoem** nie.*	1
2.5	Metafoor √ **EN** Dit dui op die destydse ongekende belangstelling van die Nederlanders in die buitewêreld./ Dit dui op die Nederlandse nuuskierigheid in verband met die wêreld. √ *Die kandidaat moet nie die definisie van 'n metafoor gee nie.*	1 1
2.6	Vermeer bring die natuur in hierdie geslote/afgesonderde ruimte van die vroue. √	1
		[10]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

“”n Paternoster vir Suid-Afrika” – Lina Spies

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Dit is ’n gebed. √ **EN** Dit dui daarop dat daar meer as een gebed vir SA is./ Dit verwys nie na ’n spesifieke gebed nie./ Dit is ’n universele gebed. √	1 1
3.2	Die aandagstreep. √ **EN** Tipografiese inkeping √	1 1
3.3	B √ *Die kandidaat gee SLEGS die letter; **nie** die hele antwoord **nie**.*	1
3.4	“en ek kon die lootjies uitdeel” √ *Die kandidaat moet die versreël aanhaal en nie net noem wátter versreël dit is nie.*	1
3.5	Elke groep word afsonderlik beklemtoon. √ **EN** Die kommas √ **EN** Die v-alliterasie √	1 1 1
3.6	Ja. Die erkenning van unieke eienskappe van elke bevolkingsgroep kan tot eenheid bydra. √ *Die kandidaat kan nie ’n NEE-antwoord aanbied nie en kry ook nie die punt vir ’n JA-antwoord nie, maar wel vir die motivering.*	1
		[10]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

"Bokser" – Ernst van Heerden

Vraag	Antwoord		Punt
4.1	Ja Dit skep die verwagting dat die gedig oor 'n bokser handel wat dan ook wel so is. √ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie en kry ook nie die punt vir 'n JA-antwoord nie, maar wel vir die motivering.*		1
4.2	C. √ *Die kandidaat gee SLEGS die letter;* ***nie*** *die hele antwoord* ***nie****.*		1
4.3	Die woord "maar" dui die wending aan, √ **EN** Tot hier was die bokser fisies en geestelik sterk, maar nou begin sy weerstand krummel./is hy besig om te knak. √		1 1
4.4	Die dood sal uiteindelik die wenner wees. √		1
4.5	Die paarrym sluit aan by die paar/ twee boksers in die kryt. √ **EN** Die uiterlike bou is 'n koeplet / twee versreëls en daar is twee boksers in die kryt. √ *Die kandidaat moet die rympatroon sowel as die uiterlike bou in verband bring met die twee boksers.*		1 1
4.6	4.6.1	Aanvanklik neem die verteller as 'n buitestander waar./ is die verteller objektief. √ In versreëls 13 tot 18 raak die verteller fisies betrokke by die gedig/ is die verteller subjektief. √	1 1
	4.6.2	Die ellips dui aan dat die bokser, die verteller, besig is om sy bewussyn te verloor. Die verteller is dus fisies betrokke. √	1
			[10]

EN

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

"My Blommenkie-lief" – Christo du Plessis

Vraag	Antwoord		Punt
5.1	kwatryne √		1
5.2	5.2.1	Assonansie/ O-assonansie √ **EN**	1
	5.2.2	"Maar" √	1
5.3	Ja Dit handel oor twee verliefdes en daarom is die omarmende rym gepas. √ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie en kry ook nie die punt vir 'n JA-antwoord nie, maar wel vir die motivering.*		1
5.4	Hartseer √		1
5.5	"vasgehaak"/ "weligheid" √ **EN** Sy was oordadig in haar liefdesbetuigings. / Sy was 'n ekstrovert. √		1 1
5.6	5.6.1	Strofe 4 se dame was vrolik teenoor die ander dames wat almal donker /swaar van gemoed was. √ *Die kandidaat moet die kontras aandui. Dus moet beide soorte dames genoem word.*	1
	5.6.2	"my" √ Blommekie-lief het vir hom gewag en hy het haar gaan haal. √ *In die motivering moet die kandidaat die "wedersydse soektog" uitwys.*	1 1
			[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

LET WEL:
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

H = Handeling
U = Uitdagings
S = Selfbegrip

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.		
Kom in konflik met sy pa oor sy argeloosheid jeens sy studies.	Greg wil nie harder leer as die vorige jaar nie. Pa wil hê hy moet by UCT studeer; hy wil Potch toe of oorsee. Hy kom tot die insig dat hy nooit sy pa tevrede sal kan stel nie. Hy besef ook dat hy slegs ŉ kloon is binne sy pa se bestaanswêreld.	Bl.55:*…het ek ook nie ŉ duiwel omgegee vir skoolwerk nie/* Bl. 58: "*Ek het nie myself gekies nie. Ek sal nog lê as ek wil," antwoord ek slaperig.* Bl. 98:"*My pa was op UCT",sê ek. 'Hy wil hê ek moet ook soontoe. Ek het lus vir Potch."/* Bl. 99: "*Miskien moet ek oorsee gaan. Net so vir 'n jaar of twee. maar ek sien hoe sit dit my pa se stress levels in die rooi*." Bl.207:*Maar dan is daar ook die ander deel van my wat wonder of enigiets wat ek doen, goed genoeg gaan wees vir hom*? Bl. 73:"*Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's."/* Bl.125:*ŉ Clone geword.*
	Verder sien hy die ironie daarin dat sy pa ŉ groot kommunikasie-maatskappy besit, maar hy nie behoorlik kan kommunikeer met sy eie seun nie.	Bl.206:*Dis nogal ironies – hy besit hierdie groot kommunikasiemaatskappy, maar hy kan nie eens behoorlik met sy seun kommunikeer nie.*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Greg het ’n gemis aan die band wat hy met John gehad het.	In plaas daarvan dat hy Eckardt as ’n nuweling inisieer, ontferm hy hom oor Eckardt. So haal hy hom die gramskap van die ander matrieks op die hals. Hy kom later tot die insig dat Eckardt nooit ’n vriend was nie, maar hom manipuleer het om nie net vir Dok Pienaar nie, maar sy eie pa te ontmasker.	Bl.63: “*Nee! Los hom net” Ek steek my hand uit na Eckardt.* Bl.63: *Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte.*/ Bl.162:*Van die ouens was nie baie happy met my nie.* Bl. 211: *Dis nie die ou wat ek as my vriend leer ken het nie.*/ Bl.212: *Wat is dit met die ou? Dit lyk dan nou of hy my … haat?* Bl.215: “*Dis reg, die candlestick-maker is jou pa … Toe jy vir Dok ontmasker het as die Burcher, het jy, sonder dat jy dit weet, ook jou pa vir die honde gegooi.*”
Hoe meer daar ’n vriendskap tussen Greg en Eckardt ontwikkel, hoe meer raak Greg ’n eenkantmens.	Hy begin al hoe makliker leuens aan sy pelle, TJ en Plank, vertel. Hy laat hul ook al hoe minder naby hom toe. Dit lei daartoe dat van die seuns hom begin sien as ’n “loser”. Hy begin self aan sy leierskap twyfel.	Bl.83: “Beauty sleep,” lieg ek./ Bl.93:*Ek wonder of hy my storie glo.*/ Bl.169:”*Jy lieg vir my. Hoe lank nou al.”* Bl.45: “*Kan nie nou praat nie. Sien jou later, TJ.”*/ Bl.107: *… klap die deur met ’n slag toe en skree: “Los my uit!”*/ Bl.154: “*Kan ons dit nie later maak nie? Ek wil net … daar is iets waarmee ek besig is.”*/ Bl.123: “*Hoekom was jou kamerdeur gesluit*?” Bl.85: “*Loser” kap een sag.* Bl.107: *Was daardie ou wat my gister ‘n loser genoem het reg?* Bl.165: “*Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid.”*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Greg het dubbele standaarde.	Hy rapporteer nie dat Eckardt 'n bier in sy yskas het nie, maar hy gebruik sy hoofseunstem om Plank te vermaan dat bier nie by die skool toegelaat word nie. Hy berispe die graad neges wat op die trappe sit en rook. Hyself sit ook later op die trappe.	Bl.71:*Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell,..* Bl.83:"*Jy weet ons mag nie bier inbring skool toe nie," sê ek met my hoofseunstem.* Bl.109:"*Julle weet julle mag nie op die trappe sit nie. Maak dood daardie sigaret!"* Bl.72:… *en gaan sit op die trap voor die koshuis.*
Greg oortree al hoe meer skoolreëls.	Hy is nog lank na ligte uit besig met The Idiot Test. Greg sit op die koshuistrap en reageer traak-my-nie-agtig as TJ sy oortreding uitwys. Aan die einde gee hy nie om dat hy 'n skoolreël verbreek deur in sy skoolklere te eet en drink nie. Alles was net show. Greg besef hy is nie so bullet-proof soos hy gedink het nie: nie teen die dood van John wat hy wel leer aanvaar het nie; ook nie teen die ondergang van sy pa waaraan hy wel deeglik deel het nie.	Bl.89: *Dit was ure terug al ligte uit.* Bl.73: *Jy weet ons mag nie so rondhang op die trappe nie. Ek trek my skouers op."* Bl. 203: "*Dis teen die skool se reëls om in skoolklere te loop en eet of drink, maar ek gee nie nou 'n hel om nie."* Bl.225: *Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie.* Bl.225: *Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.*
Alhoewel hy hoofseun is, is hy nie lojaal teenoor die skool nie.	Hy sien die skool as 'n godverlate skool; in die middel van verdwaal-se-gat. Hy is negatief oor die skool se najaag van prestasie. Hy is gekant teen breinspoeling en kloning waaraan die skool hulle onderwerp.	Bl.49:*…, vir wat sal jy 'n seunskool hier in die middel van verdwaal-se-gat kom bou?* Bl.59: "*… die beste jaar ooit op akademiese en sportgebied …"* Bl.49: *…teelaarde te skep waarin sakeleiers van die toekoms gekweek kan word …*/ Bl.49:*…hul empires moet bou met die geld wat hulle pappies in die verlede geërf, verdien of gesteel het.*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Tydens die kuberkraking gooi Greg alle reëls en waardes oorboord.	Greg huiwer aanvanklik om om by kuberkrakery betrokke te wees, maar hy aanvaar die uitdaging. Hy dring die rekenaarnetwerk van die reisagentskap binne. Hy verkry onwettig toegang tot die skool se netwerkkamer. Hy laai RAT op Dok Pienaar se rekenaar.	Bl.200: *Nee, skree dit binne my. Maar iewers kom die ja-miskien-stem deur die geraas.*/ Bl.81:"*Sal jy my leer?"* Bl.80: *Toe fluister hy sag maar triomfantlik: "Yes! Ons is in"* Bl.113: *En minute later verskyn my eie skoolrekord op die skerm voor ons.* Bl. 153: *Die RAT is gelaai en ek is op Dok Pienaar se rekenaar.*
Hy skeep verhoudinge af.	Die seuns wil graag met hom gesels/terg, maar hy is nie lus om hulle te groet nie. Sy betrokkenheid by kuberkrakery maak dat hy nie heeltemal luister as sy pelle met hom gesels nie. Hy kom nie agter dat sy aansien en gewildheid onder die leerders daal nie.	Bl.45: "*… Kan nie nou praat nie…*"/ Bl.46: *Maar ek mompel net onhoorbare verskonings.* Bl.84: *Ek hoor nie wat TJ-hulle verder sê nie, want my gedagtes dwaal …*/ Bl.101: *Ek hoor net hier en daar wat hulle nog sê.*/ Bl.122: *My kop is by ander goed. By Eckardt. By Dok Pienaar.* Bl.85: "*Loser," kap een sag.*
Sy betrokkenheid by die kuberwêreld lei tot akademiese pyne.	Hy druip sy eerste wiskundetoets. Hy skeep sy werk af.	Bl.99: *En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets.* Bl.97: *Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê.* /Bl.160: *Sien 'n spul skoolboeke op my bed lê. Ek het nog nie een van hulle oopgemaak vanaand nie*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Sy leierskap ly onder sy betrokkenheid by kuberkrakery.	Aan die begin was hy ’n leier met sterk leiereienskappe, maar namate hy meer belangstelling in kuberkra - kery vertoon, raak sy taak as leier vir hom al hoe minder belangrik. Hy vergeet dat hy aan diens is en skuif sy verantwoordelikhede op Kwanele af.	Bl. 193: “J*y’s hulle hero, Greg. Veral die jong outjies. Hulle sien op na jou.”* Bl.50: “*So why didn’t you organize it then?”*/ Bl.97 *:.. is ek ná oorhaastige studiesessies en uitgeruilde toesigdiensbeurte aanmekaar besig …* Bl.45: “*Is jy nie aan diens by die graadagts nie? Dit ook nog. Ek het vergeet.*”/ Bl.102: “*Sal jy vir my kerkdiensbeurt instaan?”*
Eckardt se verdwyning bring gevoelens tydens John se selfdood en vrees vir die dood vir Greg terug.	Daarom is Greg baie krities teenoor die manier wat die skool die verdwyning hanteer. Hy konfronteer dok Pienaar oor die hantering en weier om verder rugby te speel. Deur hierdie optrede begin hy egter aan sy leierskap twyfel, omdat nie een van die ander seuns saam met hom in opstand gekom het nie. Hy stuur anoniem ’n e-pos aan die media oor die verdwyning deur van sy pa se kontakte gebruik te maak.	Bl. 65: “*Moet ook nie julle ouers hiervan vertel nie…. Onthou dat Lawson Kollege ’n trotse reputasie het.”*/ Bl.74: “*Hierdie ding dat hulle alles wil stilhou, man, flippit*.” Bl.75: “*Ek kan nie glo dat julle dit nog ontken nie, Dok. Ek meen, face dit: Eckardt is weg, maar hy het nie weggeloop nie.”* Bl.76*: “En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op ’n rugbyveld nie.”* Bl.76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie.Is ek dan hulle leier?* Bl.77: *So dalk is ek bloot op ’n uitstappie*. Bl.77: *Maar hulle het niks gesê van die media nie. En ek het mos contacts in die pers. As ek hulle ’n tip-off kan gee … Anoniem*.
Eckardt se verdwyning bring gevoelens tydens John se selfdood en vrees vir die dood vir Greg terug.	Hy gebruik die kubervaardighede wat Eckardt hom geleer het om die raaisel van Eckardt se verdwyning te probeer oplos. Hoe meer hy dit regkry, hoe meer groei sy selfvertroue.	Bl.126*: En ek weet net waar om te begin.”*/ Bl.211*:”Was dit nie interessant hoe jy alles wat ek vir jou geleer het, kon gebruik nie, Greg?”* Bl.145: *Vreugde neem my lyf oor soos ’n dwelm-fix.*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

	Hy installeer RAT en ’n keystroke logger op Dok se rekenaar om vas te stel hoe hy by Eckardt se verdwyning inpas. So kom hy sy pa se betrokkenheid agter en besef dat hy nooit sy pa regtig geken het nie.	Bl.144: Ek heg die RAT aan Bl.154: *’n Krakie in Dok se mondering wat my kan wys hoe hy inpas by Eckardt se verdwyning.* Bl.215*: “… die candlestick-maker is jou pa…”* Bl.220: *Al die jare tussen ons, en ek het hom nooit genuinely geken nie.*
Hy raak bewus van reg en verkeerd.	Hy wil so dan die skool se leuse uitleef deur Dok Pienaar te ontmasker. Hy kom tot die insig dat die wêreld van geld en korrupsie is die eintlike onderwêreld. Verder besef hy dat geld hulle gesin se ondergang is.	Bl.194: *Daar is geen uitkomkans meer nie. Ek sal hom moet vertel van Dok./* Bl.197: “*Daar is nog wat ek julle kan gee”/* Bl.203: *En wat het geword van al die waardes wat hulle vir ons wou leer?* Bl.191: *Die wêreld van geld is boser as enigiets wat ’n hacker sal kan aanvang.* Bl.222: *Geld is wat ons gesin gemaak het en geld is wat ons gesin vandag gaan uitmekaar skeur*.
Greg kom in opstand teen gesagsinstansies.	Hy besluit om inspekteur Cele en sersant Botha uit te daag en hulle te mislei.	Bl.163: “*Inspekteur Cele, ek is nie die speurder nie*.”/ Bl.129: *Hierdie keer sal ek moet dink. Wat sal ek sê en wat nie?/* Bl.129: *Maar ook fyn genoeg om vir jou eie wickets te keer.*
Greg kom in opstand teen gesagsinstansies.	Hy jok ook vir hulle. Greg besef egter die realiteit van waarmee hy besig is en erken ook dat sy verworwe mag nie sterk genoeg is teen dié van die groot sosiale instansies nie.	Bl.131: “*G-4ce is maar net ’n naam wat Eckardt my gegee het*.” Bl.138: *Ek kan hulle nie alles vertel wat ek weet sonder om myself ook by die ding in te sleep nie.* Bl.197: “*Ek weet ek het goed gedoen wat ek nie veronderstel was om te doen nie.”* Bl.198: “*Ons gaan doen wat ons kan, maar ek gaan jou niks belowe wat ek nie weet ek sal kan nakom nie.’n Regter sal besluit of jy kwytgeskeld kan word…”*
Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.		**[25]**

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag		Antwoord	Punt
7.1		Greg √ **EN** Die leser leer Greg se gevoelens/emosies oor die nie-wakkermaak/laatwees ken. Omdat Greg subjektief betrokke is by die nie-wakkermaak/laatwees is sy vertelling daarvan geloofwaardig./ is sy vertelling daarvan eerstehands. √ *Die kandidaat moet die sukses van die soort verteller aan die gebeure koppel. Waak teen 'n generiese antwoord.*	1 1
7.2		Ja. Sy oupa was die stigter van Lawson Kollege; hy wou net die skool se naam beskerm./ Hy is voorbeeldig en volg die skoolreëls getrou; dus is dit te verstane dat hy Greg verklap. **OF** Nee. Greg en TJ is vriende; jy lewer nie jou vriend uit nie./ As Trappers het Greg en TJ belowe om mekaar te ondersteun./Greg het TJ met die inligting vertrou. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*	1
7.3	7.3.1	Lig is die lewe vir die mensdom. √	
	7.3.2	Ja. Dok Pienaar was besig om duisende mense te laat sterf en deur hom uit te lewer, het Greg lig aan hulle gebring, √ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie. Die motivering moet by "lig" uitkom.*	1
7.4.	7.4.1	Toegeneëntheid/ welwillendheid. √ *Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied solank dit 'n gunstige gesindheid is.*	1
	7.4.2	Ja. Hy het gedink hulle sal hom ondersteun. √ *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
	7.4.3	Hy het gedink hy kan dok Pienaar/ die skool so dwing om werklik na Eckardt te begin soek. √	1
	7.4.4	Ja Greg wou net die waarheid (die lig) na vore bring *Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie. Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied solank die antwoord uitkom by die "lig" na vore bring.*	

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

7.5	Eckardt is nie daar nie./ Slegs Eckardt se laptop en selfoon is daar. √ **EN** Hy is ontsteld./bang. √ *Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied solank dit dui op 'n negatiewe emosie wat Greg ervaar.* **EN** Die dood van John. √		1 1 1
7.6	Greg konfronteer sy pa./ Greg wil by sy pa die waarheid weet rakende *Project Nursery Rhyme* en John se dood. √ ***LET WEL**: dit gaan oor die agtergrond en nie die milieu nie.*		1
7.7	Greg geniet die tyd saam met sy ma in Clarens. √ **EN** Greg is ook tevrede met die moeilike besluite wat hy moes neem om sy skoolhoof aan die polisie oor te gee en sy pa uit te daag. √		1 1
7.8	7.8.1	Die polisie gaan van sy pa se betrokkenheid by *Project Nursery Rhyme* uitvind. √ *Die kandidaat moet spesifiek in die antwoord wees.*	1
	7.8.2	Hy het geweet hy moet dok Pienaar aan die polisie uitlewer, maar hy het ook geweet dit gaan sy familie raak./sy pa se betrokkenheid gaan dan ook uitkom. √ *Die kandidaat moet die TWEE kante van die konflik vir EEN punt noem.*	1
	7.8.3	Greg kan dit keer deur nie dok. Pienaar te onbloot nie, maar hy het gekies om die skool se leuse uit te leef./ om die waarheid met die polisie te deel. √ *Die kandidaat moet TWEE kante van ironie noem vir EEN punt.*	1
7.9	Greg het hom van die donker onderwêreld losgemaak en kom nou na die lig toe,/ Ten spyte van alles staan hul familieverhoudinge nou in die lig; is daar hoop. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan wat op die positiewe/lig fokus.*		1
7.10	Hy is hoofseun./sy pa is 'n mediamagnaat./G-4ce gee hom 'n valse magsgevoel. √ **EN** Sy betrokkenheid by kuberkrakery/die onderwêreld./ Die feit dat hy deur Eckardt gemanipuleer is. √ **EN** Greg is bewus van sy eie swakheid en weerloosheid. √		1 1 1

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

7.11	Mnr. Owen huil self nou oor John. √	1
7.12	Teks A kom uit die **Verwikkeling** waar Eckardt verdwyn. √ Teks B kom uit die **Afloop** waar Greg en sy ma oor alles praat. √	1 1
		[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 8 OPSTELVRAAG

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

BV= Baas voor (groei/rus/omgee)
BN = Baas na

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.		
Baas is ’n swerwer wat na sy ouers se dood nie regtig ’n heenkome het nie.	Hy mag, as uitlander, nie die Sable-Ranch-plaas erf nie./ Hy moet, as uitlander, sy beeste skiet om iets van sy erfporsie te bekom.	Bl. 12: *Hy word as ’n uitlander beskou en beland in ’n jare lange politieke oorlog om iets van sy erfporsie te probeer behou. Uit desperaatheid word hy jagter. Maande lank jag hy meedoënloos sy eie beeste in die mopanieveld van Sable Ranch.*
As swerwer begin Baas sy swerftog deur na sy familie in die Houtboschberg terug te keer.	Hy soek na iets van die gemeensaamheid van vroeër.	Bl. 13: *In 1991 pak hy sy aardse besittings op die Land Rover en gaan terug na sy plek van herkoms om iets van die drome van sy jeugjare terug te vind.*/Bl. 14: *In die huise van die enkele familielede wat nog in die gebied oor is, kry Baas die warmte van gemeensaamheid waarna hy dikwels na sy pa en ma se dood verlang het.*
In sy swerftog bly Baas soekend.	Hy is nie gelukkig waar hy is nie./bosbouwerk bevredig hom nie./besluit om ’n toergids in Botswana te word.	Bl. 14: *Hy aanvaar ’n pos as toergids by ’n safarimaatskappy*
Baas kies tydens sy swerftog om sy oupagrootjie se drome na te jaag.	Hy kan sy onrustigheid nie meer keer nie.	Bl. 15: *Hy kan sy ongedurigheid nie langer besweer nie.*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die toergidswerk bring ook nie vervulling nie.	Hy word ’n bootsman wat bedags droom oor/beplan aan sy eie boot./Baas bedank sy werk om na Barotseland te gaan	Bl. 15*: By ’n ander toergids koop hy ’n tweedehandse motorboot en ’n sleepwa en bedank uit sy werk.*
Hy reis na Manaka en verken die Zambezi met ’n tweedehandse motorboot.	Hy is op sy gelukkigste wanneer hy besig is om in sy oupagrootjie se voetspore te volg.	Bl. 15: *Hy wys die werksaanbod vir eers van die hand. Mark onderneem om na sy kamp om te sien toe Baas met net die noodsaaklikste bagasie sy reis voortsit, eers weswaarts tot waar die Zambezi sy boggel maak.*
Baas word die nuwe bootsman op Mark James se Zambezi Joy.	So vaar Baas met die Zambezi Joy, en is net sporadies op Manaka. Baas het nog nie ’n plek gevind om tot rus te kom nie	Bl. 34: *Die Zambezi Joy kry ’n nuwe bootsman, wat ook as stuurman dien.*
In 1991 vestig Baas hom op Manaka toe die padnetwerk verbeter/die Zambezi Joy verkoop word.	Hy koop die Zambezi Joy met die hoop om dit te verander vir gebruik as sy toeristeboot en so tot rus te kom./	Bl. 38: *Twee jaar ná Baas as bootsman op die Zambezi Joy begin werk het, knars die Zambezi Buffalo Transport se ratte tot stilstand. Dit gee hom die geleentheid om die boot te koop. Dit is die kans van ’n leeftyd. Die soort geld wat hy nodig het om sy eie boot te bou, besef hy lank reeds, het hy doodgewoon nie.*
Aanvanklik wil Baas eerder onbetrokke bly/nie vir ander omgee nie.	As hy nie veel met die Lozi’s te doen wil hê nie./hom vererg wanneer siek mense by hom aanklop/ wanneer die khuta van hom verwag om sy voertuig in hulle belang te gebruik.	Bl. 34: “*Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring”.*/Bl. 57: … “*Solank die houer van ’n konsessie gereeld betaal en sy verpligtinge teenoor die stam nakom deur sy lewensmiddele tot die beskikking van die mense te stel, kan ’n konsessie nie gekanselleer word nie”.*/Bl. 108: … *“Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan!”*
Hy dink dat hy in isolasie /alleen ’n bestaan kan maak, nie die plaaslike bevolking nodig het nie.	Hy jaag vir Grace weg.	Bl. 93 *“Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."*/ Bl. 94 *“Ek sal my eie probleme oplos, dankie.”*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS AANHALING/ PARAFRASE	
Baas wil niks met Christenskap te make hê nie/as Christen omgee vir iemand nie.	Hy vererg hom oor Grace se mededeling dat ouma Essie sê hy is 'n Christen./met 'n doel na Manaka gestuur is.	Bl.91: "*Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat.*"/Bl. 43: "*Wat ... het haar dié idee gegee?" sê hy in Afrikaans.*
Die sendelinge se teenwoordigheid maak Baas woedend.	Hy wil hulle nie op sy werf hê nie./wil nie Manaka met ander mense deel nie	Bl. 82: *"Wat soek julle in my kamp?"*/Bl. 84: "*Dit maak seker nie van mens 'n helikopter-pilot nie, maak dit?" Baas vat steeds nie sy hand nie.*
Baas worstel met sy situasie/ervaar baie innerlike konflik.	Hy wil nie die mense van Manaka versorg/vir hulle medisyne gee/gepla word/met godsdiens gekonfronteer word nie, want dan kan dit beteken dat hy vir die ander mense op Manaka omgee.	Bl. 126: *"Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te doen nie."*/Bl. 87: "*Sê vir hulle hulle kan ... vlieg."*
Met die verloop van tyd word Baas beïnvloed deur Grace wat hom help met die keuses wat hy moet maak/herinner aan sy droom.	Grace is in haar wese 'n Christen wat omgee, hulp verleen en medemenslik leef./sy herinner hom telkens aan die goeie mens wat hy is./wys vir hom wat dit is om te vergeef.	Bl. 228: … *"Niemand het genoeg vir hom omgegee nie," sê Grace stil.*
Baas word ook deur ouma Essie gehelp om antwoorde op sy vrae te kry.	Sy gee vir hom die lyfband van muluti Joseph sodat hy in sy rol as geestelike leier kan ingroei./Sy gee vir hom allerlei teksgedeeltes om te lees./leef die voorbeeld uit van wat Baas inherent is./antwoord hom op sy vrae oor wat van 'n mens 'n Christen maak.	bB. 197: *Ouma Essie nooi Baas om die begrafnis van die vrou wat dood is, by te woon.*/Bl. 202: "*Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen."*
Baas se gesprek met Whitey dra ook by tot sy veranderde seining.	Hy hoor dat omgee in hulle familie se bloed loop.	Bl. *234: Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het? En hoe 'n kampvuur in die nag werk, bo, langs die Zambezi op die Angolagrens waar Manuel met 'n bekertjie droë boontjies sit en wag vir lemand …?*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS AANHALING/PARAFRASE	
Uiteindelik aanvaar Baas sy rol as geestelike leier op Manaka/volg hy in sy oupagrootjie se voetspore. So kom hy op Manaka tot rus/ beëindig sy swerfs kap.	hy bid by ouma Essie se siekbed./hy gee muluti Joseph se lyfband terug./suggereer dat hy die herstel van die sendingkerk gaan doen./herstel die houtbankies wat wil aandui dat Manaka, soos in die verlede, ’n plek gaan wees waar die gemeenskap/kinders byeen gaan kom./skiet Morena om Johnnie se vrou en kind los te koop.	Bl. 243: *“Dankie, ouma Essie,” sê hy. “Ek het dit nie meer nodig nie.”*/Bl. 243: *“Dankie, Here. Amen.” sê Baas*./Bl. 244: “Die deure en die vensters vir die kerk het gekom,” sê Baas./Bl. 244: *Meneer Johnnie help hom die planke en die stutpaaltjies te verf* .../Bl. 244: *By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.*
Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.		
		[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG – *Manaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Hy probeer Baas in die versoeking lei./ompraat om by diamantsmokkelary betrokke te raak./ Ouma Essie sal onmiddellik onthou dat sy nie vir haar gasvryheid betaal is nie./Hy skuld Ouma Essie geld./ Grace sal herinner word aan sy poging om haar te verkrag. √	1
9.2	Baas voorsien kos aan almal wat op Manaka aankom./deel sy lewensmiddele met almal wat honger en siek is./doen welsynswerk./moes konsessiegeld betaal./kon nie die vleis verkoop nie./het die vleis weggegee. √√ *Enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.*	2
	EN	
	Die mense beskou Baas as 'n Christen op grond van sy dade./aanvaar dat hy 'n goeie mens is./sien in hom 'n geestelike leier./kry in hom iemand wat hulle belange op die hart dra./ Baas aanvaar uiteindelik dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is en/of hulle geestelike leier is. √	1
9.3.1	Sy eerlikheid/doelgerigtheid/standvastigheid/goedhartigheid √	1
	EN	
9.3.2	Grace glo Baas is 'n Christen daarom raak hy nie by diamantsmokkelary betrokke nie./doen hy nie verkeerde dinge nie./laat hy hom nie deur Riekert omkoop nie. √	1
	EN	
9.3.3	Dit is realisties, want sy Christelike agtergrond/waardes verhoed dat hy die uitnodiging aanvaar./ Hy loop altyd die regte pad./doen altyd die goeie/regte ding./hou hom nie met kwaad op nie./ Baas is 'n sterk man./is in alle omstandighede in beheer./laat hom nie in 'n hoek vaskeer nie./wys dat hy baas is op Manaka.	
	OF	
	Dit is nie realisties nie, want as 'n mens graag 'n droom wil laat realiseer, sal jy enige iets doen. √	1
9.4	Hulle weet dat hy arrogant/ 'n bedrieër/skurk is. √	1
	EN	
	Hy word gevange geneem. √	1

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Vraag	Antwoord	Punt
9.5	Hy wou sy oupagrootjie se droom laat voortleef. √ **EN** Ja In die slot van die roman is Baas en Grace op pad om die boot te gaan soek./word gesuggereer dat die droom steeds voortgaan./word gesuggereer dat die toeristebesigheid steeds kan realiseer./dat 'n nuwe begin voorlê. **OF** Nee Baas se dae word waarskynlik so vol as gevolg van sy rol as geestelike leier dat die toerbesigheid nooit realiseer nie. √	1 1
9.6	Zambezi Grace √	1
9.7	Baas het Grace nooit misbruik nie. √	1
9.8	Alomteenwoordige verteller/Derdepersoonsverteller √ **EN** Die verteller weet wat in Baas se gedagtes aangaan./ Die verteller is 'n objektiewe waarnemer van Baas se onsekerheid./ Die verteller beskryf Baas se optrede. √	1 1
9.9	Ja. Whitey en Baas se name is dieselfde naam as wat in die bas van die kremetart uitgekrap is. √ Whitey en Baas het dieselfde oupagrootjie wie se naam in die kremetart uitgekrap is. √ **EN** Ja Baas bly hom uitvra./suggereer dat daar 'n verband is. √	 2 1
9.10	Whitey help mense omdat hy daarvan hou om hulle te help, nie omdat hy iets terug verwag nie. √	1

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Vraag	Antwoord		Punt
9.11	Albei is met ’n doel na Manaka gestuur./gestuur om op Manaka te help. √ **EN** Met die herstel van die kerk neem hy sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Met die herstel van die bankies onder die worsboom neem hy sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Hy kerf sy naam onder sy oupagrootjie se naam uit en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Hy spyker die buffelkop/Morena se horings by Manaka se ingang vas en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Hy gee vir Ouma Essie haar oorlede man se lyfband terug en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in. Baas aanvaar Grace in sy lewe toe hy haar vra om hom net Baas te noem. Leef volgens die reëls van die gemeenskap en neem so sy regmatige plek op Manaka in. √√√ *Die kandidaat bied DRIE optredes vir EEN punt elk aan.*		1 3
9.12	9.12.1	Die mens staan in ’n verhouding met die natuur./ Die mens staan in verhouding met ander mense./het altyd verbintenisse met ander mense. √	1
	9.12.2	Jy staan nie alleen nie./staan altyd teenoor ander mense met wie jy moet saamleef./vir wie jy verantwoordelikheid moet aanvaar./ Naasteliefde/Ubuntu/Omgee behels dat ’n mens beskikbaar moet wees vir dienslewering./ Ons moet mense volgens hulle dade oordeel, eerder as volgens hulle woorde./velkleur./agtergrond. √ *Die kandidaat bied die tema en ’n gepaste boodskap binne konteks van die roman aan.*	1
			[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 10: OPSTELVRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

WK= Tant Wonnie se konflik.
WI-= Tant Wonnie se interaksie
CK= Oom Chai se konflik
CI = Oom Chai se interaksie

LET WEL:

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.		
Tant Wonnie ervaar konflik omdat sy nie Heinrich se huweliksaanbod aanvaar het nie.	Tant Wonnie is spyt dat sy nie ja gesê het toe Heinrich haar verskeie kere gevra om voor die dominee te trou nie.	Bl. 126: *Hy het my nooit ŉ ring gegee om aan my vinger te sit nie, sê sy en laat haar hande sien. Daar wás ŉ ring, maar dit was om ons harte, ons kon dit nooit verloor nie, nie eers in die dood nie.*/Bl. 126: *Toe, is agterna vertel, het daar ŉ traan uit haar linkeroog gekom, die een waarmee sy nie kan sien nie omdat die perdeby haar jare terug daar gesteek het.*/Bl. 179: *Ja Mineer, ag, en Heinrich het gesê as hy terugkom van die oorlog af sal ons met ŉ ring trou. Maar my Heinrich het nooit van die oorlog teruggekom nie. Toe sien die hof hoe ŉ traandruppel uit die oog val wat lewendag is maar nie kan sien nie.*
Tant Wonnie ervaar konflik met ander se belewing van God.	Sy word verneder./geboei voor die perd uitgejaag word. Dit stem nie ooreen met Tant Wonnie se Godsbegrip nie.	Bl. 130: *Ek wil nie deel wees van hulle se God nie.*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Die stryd/innerlike konflik wat sy gehad/beleef het omdat sy byna ingegee het. toe Piet de Bruin haar wou verkrag.	Agter op Piet de Bruin se lorrie onthou Tant Wonnie weer van sy seksuele attensies teenoor haar.	Bl. 134: *Daardie Saterdag het ek byna vir hom ingegee, het Tant Wonnie nou sit en dink. Maar danksy my geliefde Heinrich, wat vir my nog lewendag was al het hy nie meer geleef nie, kon ek my teensit.*
In die tronk beleef Tant Wonnie innerlike konflik omdat sy nie weet waar haar dogter, Suzan, is nie.	Suzan het saam met haar (op Piet de Bruin se lorrie) na die polisiestasie gekom. Tant Wonnie is bekommerd oor Suzan se veiligheid./wil weet of Suzan veilig in Du Toitspan is terwyl Tant Wonnie in die tronk is.	Bl. 145: *Suzan, Suzan, waar is jy? het sy hardop gesê. Waar is jy tog, my kind?*
Settie September en Tant Wonnie ervaar konflik.	Settie beskuldig.Tant Wonnie van diefstal Tant Wonnie weet dat sy nie ’n dief is nie.	Bl. 127: *Sy’s ’n dief! Sy’s ’n dief! Tant Wonnie het haar kop gelig en na hulle gekyk want hulle het haar nie bang gemaak nie.*
Uiterlike konflik/'n Woordewisseling ontstaan tussen Tant Wonnie en mev. De Bruyn.	Mev. De Bruyn laat werk Kaaitjie by die Bosmans sonder dat Tant Wonnie toestemming daartoe gee. Tant Wonnie sê dat werksmense/ slawe nie besittings van die Boere is nie.	Bl. 135: *Tant Wonnie was baie ontsteld toe Anna de Bruin terugkom en haar vra en sy het gesê: Miesies de Bruin, jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee en haar te jy en jou nie.*
Wanneer die Septembers op die kapkar klim, Tant Wonnie se gemmerbier opdrink en die bottel afgooi, ontstaan uiterlike konflik/raak Tant Wonnie handgemeen met die Septembers.	Tant Wonnie gooi hulle van die kar af.	Bl. 190: *Met die regterhand pluk sy vir Johnny September deur toe en stamp hom toe met haar voet agter sy rug buitentoe.*/Bl. 190: *Wat die ma en dogter kans gee om haar uit die kapkar te stoot.*
Oom Chai ervaar konflik as daar ander karakters is wat met Bettie wil dans; hy wil nie toelaat dat ander met haar dans nie, net hy kan met haar dans.	Hy sit nie op een dans tydens die stokvel uit nie, maar hy betaal die prys hiervoor: hy lê snags wakker met allerhande liggaamspyne.	Bl. 281: *Terwyl hy snags wakker lê van allerande liggaamspyne, het hy gedink: Nou weet ek waar ek die fout gemaak het.*
Hy beleef innerlike konflik oor die jongmanne se aandag aan Bettie.	Oom Chai hou nie daarvan dat ander aandag aan Bettie gee nie, Dit lei daartoe dat die jongmanne nie meer kom kuier nie, maar Oom Chai se vriende het ook weggebly.	Bl. 280: *Sommer gou het nie een van Oom Chai se ou vriende meer by hom kom kuier nie, want hulle het gesê hulle voel ontuis.*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Hy is jaloers/beleef innerlike konflik omdat die jongmanne Bettie aantreklik vind en trek haar roksoom af sodat hulle nie haar knieë kan sien nie.	Dit het Bettie erg geïrriteer en het konflik tussen haar en Oom Chai veroorsaak.	Bl. 279: *Maar wat sy nie kon verdra nie, was dat as sy op ŉ stoel gesit het en daar was jong manne in die buurt, hy haar roksoom afgetrek het asof hy nie wou hê hulle moet haar knieë sien nie.*
Bettie dans met Boitjie wat teen Oom Chai se wense/keuse is.	Oom Chai gooi die grammofoon fyn en flenters en dans nie meer nie.	Bl. 281: *Hy het dinge probeer verander, maar dit was te laat. Sy het klaar iemand gevind wat by haar maniere inpas. Die eerste ding wat Oom Chai toe gedoen het, was om toe hy alleen by die huis was, die gramophone bo sy kop te tel en hom fyn en flenters te laat val.*
Boitjie dans met Bettie en dit veroorsaak konflik by Oom Chai.	Hy hou nie meer van Boitjie nie./wil nie hê Boitjie moet soveel aandag aan Bettie gee nie.	Bl. 281: *Die grootste haat wat my lewe verpletter, is die Kapenaar, het hy homself hoor sê toe Boitjie weer eendag sommer net instap en op ŉ stoel gaan sit …*
Oom Chai beleef innerlike konflik oor/is jaloers op die aandag wat Bettie van die jongmanne kry.	Bettie beskuldig Oom Chai van jaloesie en sy verhouding met Bettie begin krake wys.	Bl. 280: *Oom Chai het niks van hierdie Kapenaar gehou nie en hy het dit gereeld vir Bettie gesê. Sy het net altyd gesê: Jy is jaloers, my ou man.*
Oom Chai vertrou nie vir Boitjie en Bettie nie/beleef innerlike konflik oor Bettie en Boitjie se gemoedelike samesyn.	Hy behandel Bettie, uit jaloesie, soos ŉ gevangene in haar eie huis. Oral waar hy beweeg, moet sy saamgaan.	Bl. 281: *Hierna kon Bettie nêrens meer sonder Oom Chai gaan nie. Sy het soos ŉ hen in ŉ hok in haar eie huis gevoel.*
Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan.		
		[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG – *Vatmaar* – AHM Scholtz

Vraag	Antwoord		Punt
11.1	11.1.1	Kenneth wou Kaaitjie so eer / √ en onthou. √	2
	11.1.2	Mr. Burns √	1
11.2	Kenneth en Suzan het vir mekaar lief geraak. Kenny het in Heinrich 'n kind gehad wat hom plesier verskaf het. Die *Masonic Temple* is drie dae voor sy inwyding voltooi. √√ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*		2
11.3	Net Sus Bet weet waar die geheime bestanddeel/veldwortel gevind kan word wat in die khadie voorkom./ Sus Bet is bekend vir die khadi wat sy maak. √		1
11.4	Sus Bet het Oom Flip omgepraat om diamante van die sorteertafel vir homself te vat. Sus Bet het gesê dat hulle so moet steel/vat dat die witmense niks agterkom nie. Sus Bet het vir Oom Flip aangesê om van die geld/sjielings en sikspense wat vir die water betaal is, vir homself te vat. Sus Bet het Oom Flip met soene manipuleer dat hy diamante sal vat as hy haar liefhet. √√ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*		2
11.5	Manipulerend. Sus Bet manipuleer Oom Flip om diamante te steel. Vrygewig. Sy (en Oom Flip) gee graag hul bydrae/ 'n tiekie vir die kerk. Skelm. Sus Bet dink nie dat daar enige fout is om te steel nie. Tradisievas. Sus Bet is die bewaarder van die Griekwakultuur./begrawe Ta Vuurmaak op die Griekwa manier. Ondernemingsgees. Sy verkoop khadi. Ondersteunend. Sus Bet help oom Flip om sy droom van 'n vervoerbesigheid te verwesenlik. Behulpsaam. Sus Bet versorg Ta Vuurmaak tot sy dood./help Kaaitjie. Goedhartig. Sy gee vir arm mense wat deur Stoffel Jones sleg behandel word, 'n vyfpondnoot. √√√√ *Die kandidate bied TWEE karaktereienskappe vir EEN punt elk en EEN bewys vir elke karaktereienskap ook vir EEN punt elk aan.*		4
11.6	Sy wou die hooggeplaastes dronk kry om te wys dat hulle ook maar net mense is. √ Sus Bet wou die witmense terugkry vir die mishandeling wat sy op die delwerye moes deurmaak. √		1 1
11.7	Kenneth en Suzan bly saam in Tant Wonnie se huis al is hulle ongetroud. √		1
11.8	(Die milieu/gemeenskap keur nie 'n swanger, ongetroude meisie goed nie) gevolglik het Kenneth en Suzan in aparte kamers geslaap. √		1
11.9	Sy neem Kaaitjie se baba as haar eie aan. √		1

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

11.10	Kliniek Katrina √ **EN** Ja Hy het gevoel Kaaitjie se nagedagtenis kan so vereer word. Hy kan voortgaan met 'n nuwe lewe./sy verhouding met Suzan verder neem. **OF** Nee Kenneth sal hom altyd verwyt omdat Kaaitjie dood is sonder om sy briewe te ontvang. √ 'n Kliniek sal hom nog altyd aan Kaaitjie herinner. √ *Die kandidaat bied TWEE redes binne konteks van die roman vir EEN punt elk aan.*		1 2
11.11	Kaaitjie het Kenneth se kind verwag wat indirek tot haar dood gelei het, terwyl Kenneth bid dat hy nie die oorsaak van iemand se seer wil wees nie. √ *Die kandidaat bied BEIDE kante van ironie aan vir EEN punt.*		1
11.12	Sy het geweet sy was verantwoordelik vir die brand, maar kon aanvanklik vir niemand sê nie. √		1
11.13	11.13.1	Sy kom van Vatmaar./Hulle het geglo sy is nie hulle stand nie, √	1
	11.13.2	Hy was oortuig dat sy ouers Suzan sal aanvaar. √	1
	11.13.3	Dit voltooi 'n sirkel van liefde./ Suzan is vroeg sonder 'n pa gelaat en het nou iemand wat sy plek inneem./ Suzan het haar ma verloor, maar het nou byna weer haar pa teruggekry. √	1
			[25]
		TOTAAL AFDELING B:	**25**

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 12: OPSTELVRAAG

***Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:
- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.		
Die Engel is Iris se be-skermengel.	Hy maak seker sy is veilig.	Bl. 110: *"Oppas!" het die Engel vir my gesis en ek het rats eenkant toe gespring voor ŉ jong seun op ŉ skaatsbord my middeldeur kloof.*
Die Engel se geselskap openbaar Iris se karakter.	Sy verkies dit om eerder met hóm as met ander mense oor haar gedagtes en die lewe te praat.	Bl. 136: *Ek het my voorgeneem om buite te gaan stap sodat ek privaat met die Engel kon gesels.*
Die Engel tree as raadgewer vir Iris op.	Wanneer sy haar in moeilike situasies bevind, vra sy raad	Bl. 208: *"Jy moenie die man so treiter nie," het die Engel vir my gesê toe ek later my trourok uittrek en ordentlik warm kon aantrek.*
Die Engel verskyn in Iris se ryk verbeeldingswêreld	Sy ontvanklik vir die suggestie van ŉ Engel is./	Bl. 184: *"Met wie is jy nou besig?" het die Engel gevra.*
Die Engel bied aan Iris die moontlikheid om van haar verbeeldingsvlugte te vergeet.	Vir haar is die Engel werklik.	Bl. 110: "*Met die Engel ook by, is Greta en haar geliefde tersyde gestoot; het my verbeeldingsvlugte oorbevolk geword."*
Die Engel is op die belangrikste oomblikke van Iris se lewe teenwoordig.	Dit dui daarop dat hy haar belangrik ag./daar wil wees as sy die mooi in die lewe ervaar./haar lewe beïnvloed./	Bl. 208: *Tydens die onthaal het ek opgekyk na die kerksaal se vensters waar-deur die winterson weldadig geskyn het en agter ŉ groot rangskikking bestaande uit buiteseisoenlike blomme, het ek die Engel sien staan.*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Die Engel bied waarskuwings aan Iris as sy in gevaar verkeer.	Hy besef sy is impulsief.	Bl. 99: *"Moenie alle mense wantrou nie," het die Engel grimmig in my oor gefluister*
Die Engel verskyn aan Iris sonder waarskuwing op 'n toneel om haar met raad by te staan,	Hy beskou dit as sy plig om in alle omstandighede as ondersteuning beskikbaar te wees.	Bl. 162*: "Kom," het die Engel gesê. "Kom."*
Die Engel dwing haar om haar eie take uit te voer/dans nie altyd na Iris se pype nie.	Hy is beslis nie daar om Iris se take uit te voer nie.	Bl. 217: *"Ek is nie verantwoordelik vir jou en jou mense nie," het hy kalm gesê.*
Die Engel sê vir Iris hoe om in sekere situasies op te tree.	Hy het 'n beter begrip vir ander se gevoelens.	Bl. 121: *"Hy's moeg," het die Engel skielik agter my gesê.*
Die Engel bied sy raad aan Iris aan.	As sy egter nie wil luister na sy raad nie, moet sy haar eie kop stamp.	Bl. 131: *"Jy's dwaas," het die Engel met 'n lae stem gesê. Ek was sommer ergerlik. "Ag, bly stil."*
Die Engel gee deur die jare aan Iris seksvoorligting,	Hy raak deurentyd baie meer byderwets omtrent seks.	Bl. 178: *"En jy's 'n vreeslik byderwetse engel," het ek gesê. "Het jy ook só met Ouma gepraat?"*
Die Engel kritiseer Iris se gesprekke/lewer kommentaar op Iris se doen en late.	Hy dink nie sy tree altyd behoorlik op nie.	Bl. 133: *"Sien jy?" het die Engel gesê. "Jou dom aap."*/Bv. bl. 101: *"Sies," het die Engel in my oor gesis.*
Die Engel bied aan Iris gemoedsrus.	Hy sal haar altyd keer om te ver te gaan./hy is getrou in sy pogings om haar op te pas.	Bl. 104*: "Dis dié dat ek seker nie so versigtig is soos ek behoort te wees nie. Ek reken die Engel sal my pootjie of so iets as ek te ver gaan."*
Iris bly baie lief vir die Engel.	Hy maak haar egter deur die loop van die roman kwaad; tog bly sy lief vir hom	Bl. 218: *"Jy's 'n engel," het ek gesê en vir hom gewaai.*
Die Engel is in krisistye by Iris.	Hy ondersteun./gee raad.	Bl. 218: *"Gaan terug hospitaal toe en gaan sit by Peter. Hou sy hand vas in plaas van om so liederlik jammer vir jouself te voel."*
Die Engel as newekarakter bring Iris tot nuwe insigte omtrent die lewe.	Hy wil vir haar lewenslesse tuisbring.	Bl. 187: *"Tja," het die Engel gesug. "Die lewe is nie 'n storieboek nie."*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Iris projekteer haar ontevredenheid met haarself teenoor die Engel.	Hy is in ’n mate haar gewete.	Bl. 217: *“Jy behoort van jou vlerke gestroop te word. Jy moet herroep word vir indiensopleiding. Jy is die naam beskermengel nie werd nie.”*
Die Engel bly altyd deel van Iris se lewe.	Sy trou later, maar hy bly deel.	Bl. 210: *Die Engel het nie inbreuk gemaak op ons lewe nie. Ek het hom nooit meer saans op die vensterbank gesien sit nie, maar laatmiddae, voor Peter by die huis gekom het, het hy dikwels by my in die kombuis gestaan en gesels.*
Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.		

[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Amerika/New York/Hotelkamer (in Amerika) √	1
13.2	Peter is ’n jaloerse persoon. √	1
13.3	Joe se foto’s kan tot haar blomoomblik lei./ Joe sê hy gaan sorg dat Iris ’n modelkontrak kry wat haar blomoomblik kan wees./ Joe neem foto’s van Iris wat haar ’n modelkontrak in die sak kan bring. √ **EN** Peter ondersteun nie vir Iris toe hulle ’n afspraak met die modelagentskap het nie./sê aanvanklik niks nie omdat hy nie van Joe hou nie./ Stel vir Iris ’n ultimatum om saam met hom Vermont toe te gaan./om alleen onder die ateljeeligte te gaan blom./ Hy hou nie van die aandag wat sy van Joe ontvang nie. √	1 1
13.4	Hulle verhouding is oppervlakkig./kommunikeer min. Hulle weet nie belangrike dinge van mekaar nie. √√ *Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*	2
13.5	Iris en haar gesin aanvaar Johanna/huishulp as deel van hul gesin. Die gesin aanvaar Kara en Claude se verhouding. Iris se ma maak die beampte by binnelandse sake deurmekaar as sy verseker dat Johanna nie rassisties behandel word nie. Pa bou vir Johanna/huishulp ’n badkamer by haar kamer aan. Iris gesels gemaklik met die taxibestuurder, Billy, in Amerika. √√√ *Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Vraag	Antwoord		Punt
13.6	13.6.1	Raadgewer √	1
	13.6.2	Beskermer/Verskaf humor/Klankbord/Help haar om tot insig te kom. √√	2
	13.6.3	Ja Die Engel sorg vir ligte oomblikke in die roman./ Die Engel maak soms humoristiese/verspotte/gewaagde opmerkings. **OF** Nee Die Engel gee raad aan Iris wat nie ligtelik opgeneem moet word nie. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke rede vir EEN punt aan.*	1
13.7	Nee Sy gesels met die vuurhoutjiedosieversamelaar (in die kafee waar sy gaan eet het)/vreemde man in die kafee. √		1
13.8	Iris se been moes weer gebreek/gespalk word./In Vermont is haar been nie korrek behandel nie, wat nou reggestel moet word. √		1
13.9	Iris en **Peter** kommunikeer vaag/met poskaarte. Iris ken **Peter** nie goed toe sy Amerika toe is nie. **EN** **Frederik** dink hy kan Iris sommer per kabelgram vra om te trou. Iris en **Frederik** het dikwels saam oor vreemde dinge gespekuleer. **Frederik** het gedink hulle oppervlakkige verhouding kan tot romanse lei. √√√ *Die kandidaat bied enige DRIE redes aan vir EEN punt elk, maar daar moet ten minste EEN rede per karakter aangebied word.*		3
13.10	Bettie het voorgegee dat sy gif gedrink het./Bettie kan dalk weer (probeer) voorgee om selfmoord te pleeg./gif te drink./Bettie is nie heeltemal gelukkig in haar verhouding met Brian en sy kinders nie./Bettie het onopgeloste vrae/kwessies wat haar weerloos maak. √ Nee Peter sou nie daarvan gehou het nie, want hy keur nie die Engel se invloed op Iris se lewe goed nie.		1

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Vraag	Antwoord		Punt
	OF Ja Peter sou dit aanvaar het, want hy verdra die Engel se teenwoordigheid in Iris se lewe. √		1
13.11	Elsa was 'n feminis/wou nie kinders gehad het nie./wou net een kind hê./het onbeplan/onvoorsien swanger geraak./was hiperperfek, maar later het sy kinders./haar huis is deurmekaar. √ Kara wou nooit kinders gehad het nie,/het gesê sy is nie 'n broeikas nie, maar later het sy en Claude saam 'n kind gehad. √ *Die kandidaat moet BEIDE kante aanbied vir die ironie.*		1 1
13.12	13.12.1	Johanna is gewoonlik baie uitgesproke./deel graag haar menings. √	1
	13.12.2	Johanna het vir Iris gesê dat sy vir hulle daagliks blom. Johanna wag saam met Iris op die blomoomblik in hul tuin. √√	2
			[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LITERÊRE OPSTEL VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

KODE
AM – Antie Grootmeisie beïnvloed Map
BM – Blanchie beïnvloed Map
BC – Blanchie beïnvloed Cavernelis
MC – Maud beïnvloed Cavernelis

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS AANHALING/ PARAFRASE**	
Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.		
ANTIE GROOTMEISIE SE INVLOED OP MAP:		
Antie Grootmeisie se verkragting./die dood van haar dogter laat Map in die tronk beland/aan ’n skuldgevoel ly/sewe jaar van sy lewe in die tronk deurbring,	want hy voel verantwoordelik vir Antie Grootmeisie se toestand./stomheid	Ek is jammer oor dit alles Ma… *Ek het al gesê... Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles .../. Hulle sê sy’s stom, ek mien, lat sy haar praat geverloor het daai selfde aand nog ...*
Danksy Antie Grootmeisie se volgehoue besoeke./ondersteuning hou Map vol om sy lewe in die tronk te verbeter/met sy bekeringsproses in die tronk,	want sy ma se liefde vir hom is tasbaar./hy weet dat sy hom nie verwerp nie./hy is steeds haar kind./	*Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ... Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles .../ Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self./ ANTIE GROOTMEISIE (praat vir die eerste keer in jare): Johnnie ...*
Antie Grootmeisie verwerp Map nie/ ondersteun Map vir sewe jaar	daarom neem Map se inherente goedheid beheer van sy lewe./	Maar die Here, hy het my vergewe … *Kyk, hy het nuwe klere aan./ ANTIE GROOTMEISIE: Johnnie ...*
Die teenwoordigheid en invloed van die vroue, Antie Grootmeisie en Blanchie	maak Map se uitsiglose bestaan in die tronk positiewer./	*Het Ma al vir Blanchie gesê van my, lat ek vir Ma gesê het ek het die Here gekry hierso ...*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

BLANCHIE SE INVLOED OP MAP:		
Blanchie het 'n positiewe invloed op Map se tronkbestaan, veral wanneer sy hom besoek	omdat hy van skooltyd af lief is vir haar en daarom, wil hy hê sy moet weet hy is weer Johnnie	*... lat ek 'n annerste man is ... Ma ... Sê tog vir Blanchie wat ek sê ... Sê tog vir Blanchie dat ek haar liefgehad het.*
Blanchie is die rede waarom Map sy lewe in die tronk wil verander	omdat hy deurgaans in die tronk vra dat sy ma haar die ware toedrag van sake moet gaan vertel	*Ek het vir Blanchie gesê, Hy breek die gevangenis vir my oop!*
Blanchie besoek Map nie meer nie,	want sy werk by die Lonely Hearts./as model./assosieer nie met hom in die tronk nie./haar pa verbied haar om met Map/Johnnie iets te make te hê./en dit veroorsaak konflik by Map	Hy is 'n misdadiger. Bly weg van hom af! Jy moet nou weg van ho af … weg weg
Map word vrygemaak,	want Blanchie besef haar eie skuld	*Ek is so vuil ... Johnnie*

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

MAUD SE INVLOED OP CAVERNELIS:		
Maud ondersteun Cavernelis se droom om uit die township te kom,	want sy doen ook ekstra naaldwerk./sy meen hulle verdien beter./	*Skaars by die huis, skaars by die huis dan is hy weer vort./Wat kan sy tog inkry moet die naaimasjien moet die dressmaking.*
Maud moedig Cavernelis aan om hulle uit die township te kry,	want sy dink hulle is beter as die ander mense./verdien beter.	*Ek sê vir jou, we must get óút of here, óút, óút ...*
Maud herinner hom gedurig aan sy drome van 'n beter lewe en dit spoor hom aan om harder te werk,	maar sy kla aanhoudend omdat hy so hard werk./nie vir haar tyd het nie./	*God, you're a good man ... I'm sure you're a good man.*/ Not to worry *Cavernelis-darling* ...
Maud se uiteindelike reaksie op die nuus dat Blanchie nie die kontrak gekry het nie lei tot Cavernelis se selfdood,	want hy kan nie haar gramskap/ontnugtering verduur nie./	*Fóóls! Bloody stupid fools! Jus' look at us now, kyk nou hoe humiliate julle vir ons.*
Cavernelis se strewe na 'n beter lewe word aangevuur,	want Blanchie aanvaar die werk wat haar pa vir haar kry.	*Daar was 'n rumour al, ma' ek moet sê dis nou maar net 'n rumour, lat Blanchie ... well ... 'n abortion gehad het ... "Is alles Daddy se skuld ..."*
Cavernelis se besef dat hulle as gesin vir mekaar se ondergang verantwoordelik is, lei tot sy selfmoord,	want hy besef dit het nie die vryheid gebring waarna hy so gesmag het nie.	'n Mens kan nie jou vryheid op so 'n manier koop nie.
BLANCHIE SE INVLOED OP CAVERNELIS:		
Blanchie se uitbarsting/ beskuldiging laat Cavernelis besef dat hy Blanchie misbruik het,	want hy voel skuldig en die uiteinde daarvan is sy selfdood.	So *jy't rêrig gedink Blanchie gaat Paris toe! En lat die geld sal kom? ... You must be joking, Cavernelis-darling!/ Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ...Toe loop hy net weg.*
Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		
		[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 15: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Neweteks √ **EN** Die leser sien nie noodwendig die verhoogproduksie nie en het daarom die toneelaanwysings nodig om sin te maak van watter karakters hul waar op die verhoog bevind./in watter milieu die spesifieke toneel afspeel./ om te verstaan hoe besig die straattoneel op die Sondagoggend is. √ *Enige EEN korrekte antwoord*	1 1
15.2	Apartheid √ **EN** Die gedwonge verskuiwings het die kleurlinggemeenskap aan die haglike omstandighede van die Kaapse Vlakte oorgelewer./ Werkloosheid was 'n groot probleem./ Die gemeenskap het in armoede verval./ Desperaatheid het veroorsaak dat mense by bendes betrokke raak./ Misdaad het gevolglik hoogty gevier./Dwelmmisbruik/-verslawing was algemeen omdat mense gesukkel het om hul emosies rondom hul omstandighede te verwerk. √√ *Enige TWEE korrekte antwoorde vir een punt elk*	1 2
15.3	Kerrim is 'n kombinasie van vingerbord en snoeker./ Kerrim het 'n klomp skyfies wat deur stokke op 'n bord rondgestoot word. √ EN Die kerrimskyfies stel die mense voor wat deur die regering (stokke) rond verskuif is sonder dat die mense 'n sê in die saak gehad het./Kerrim stel die gedwonge verskuiwings van mense van kleur voor. √	1 1
15.4	Die titel het die woord Krismis in wat 'n tyd van vergifnis/hoop/vernuwing is, terwyl die orkes se naam die woord "Redemption" in het wat ook op vergifnis/verlossing van sondes en tweede kanse dui. √ **EN** 'n Mens sou verwag dat as jou orkes se naam verlossing/om gered te word van sonde beteken jy iemand sal vergewe/'n tweede kans gee, maar die orkes maak allerhande verskonings om nie weer met Map te werk nie/ hou sy reputasie teen hom. √	1 1
15.5	Die gebruik van Engelse woorde./ Woorde word geassimileer./ Ontronding van woorde./ Die weglating van konsonante aan die einde van woorde./ Vokaalverhoging vind by sommige woorde plaas./ Die gebruik van die verboë vorm van die besitlike voornaamwoord./ √√√ *Enige DRIE korrekte antwoorde vir een punt elk*	3

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

15.6	Oompie Paulsen wil hê dat die orkes/ Star of the Redemption al die bekers daardie jaar moet wen. √	1
15.7	Dit dui vir die leser/gehoor 'n verandering in stemming aan./ Dit dui 'n verandering van tyd aan – dis nou later op dieselfde Sondag./ Dit dui 'n verskuiwing van fokus aan – vanaf die orkes se bedrywighede na die Cavernelisse. √ *Enige EEN korrekte antwoord*	1
15.8	Dialoog/ beskrywing √ "Boytjie Louw is 'n vinnige man" √	1 1
15.9	Map – sluit by bendes aan/kry tattoeëer merke om te voel dat hy behoort. Mister Cavernelis – het twee werke om weg te kom van die Kaapse vlaktes. Blanchie – werk as prostituut/model om weg te kom uit die township. √√√√ *TWEE punte vir TWEE karakters en TWEE punte vir TWEE redes.*	4
15.10	"En mister Jacobs, waar is hy?" √ **EN** Miriam weet nie dat Map in die tronk is nie, maar die orkes en leser weet. √ **EN** Hulle wou hulle nie met 'n misdadiger assosieer nie./Hulle wou nie die Kerskorkes se reputasie op die spel plaas nie. *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1 1 1
15.11	Oompie Paulsen laat die orkes speel, omdat hy vermy om vir Miriam te antwoord./die ongemaklike stilte wil verbreek. √	1
15.12	In albei die tekste heers daar 'n atmosfeer van opgewondenheid. √	1
		[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 16: MIS – OPSTELVRAAG

ARGUMENT	MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING OF PARAFRASE	
Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.		
MIEM SE INVLOED OP MEISIE SE KARAKTER		
Miem is ’n outoritêre, Calvinistiese matriarg wat Meisie met ’n ysterhand heers,	want sy verwag dat Meisie haar sonder enige teenstand te alle tye gehoorsaam.	Bv. sy beveel Meisie om Gabriël se slopemmer te hanteer al is Meisie bang vir haar pa
Miem is oorbeskermend oor Meisie	want sy leer nie vir Meisie om self gevaar te identifiseer nie.	Bv. Sy gee vir Meisie takies om te verrig sodat sy buite hoorafstand is wanneer sy die verdwynings met Konstabel bespreek en daarom is Meisie oningelig oor die dinge wat bedreigings kan wees.
Miem gee nie Meisie die geleentheid om die dinge van ’n jong dame te ervaar nie,	want Meisie moet konstant werk om te help om ’n inkomste te genereer.	Bv. Meisie moet help om goiingsakke te maak en met mis te vul omdat Gabriël nie sy rol as broodwinner vervul nie.
Miem manipuleer Meisie om gehoorsaam te bly,	want so beheer sy wat Meisie doen en verhoed sy dat Meisie enigsins buite die grense beweeg wat sy vir haar stel.	Bv. nadat Meisie op ’n keer uitgeglip het om na die sirkus te kyk, het Miem kamstig so siek geraak dat sy ver dae lank net gortsop kon eet. Meisie voel so sleg daaroor dat sy nooit weer gewaag het om terug na die sirkus te gaan nie.
Miem laat nie eers Meisie toe om te ontvlug in ’n verbeelde wêreld nie,	want Miem besluit vir Meisie wat reg en verkeerd is.	Bv. wanneer Meisie na die sirkusmusiek wil luister of na die liggies wil kyk, beveel Miem haar om op te hou omdat sy glo dat dit ’n euwel is.
Miem se onderdrukking verhoed Meisie om te ontwikkel,	want daar word te alle tye van Meisie verwag om na haar ma se pype te dans en sy kry nooit die geleentheid om vir haarself besluite te neem nie.	Bv. Miem laat Meisie glo dat dit haar plig is om haar ma te help omdat sy dit aan Miem verskuldig is.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

KONSTABEL SE INVLOED LAAT MEISIE SE KARAKTER ONTWIKKEL		
Konstabel gee aan Meisie identiteit,	want hy stel belang in haar lewe en hanteer haar soos ’n gelyke.	Bv. Hy noem haar “juffrou” i.p.v. Meisie.
Konstabel laat Meisie se selfvertroue groei,	want hy laat haar belangrik voel en laat haar toe om oor dinge te praat wat Miem nooit doen nie.	Bv. Hy sê sy is aantreklik en moedig haar aan om oor die sirkus te praat.
Konstabel gee Meisie ’n geleentheid om self ’n keuse te maak,	want hy kry ’n geleentheid alleen saam met haar weg onder Miem se waaksame oog.	Bv. Wanneer Meisie en Konstabel die slopemmer gaan uitgooi, plant hy die idee in Meisie se kop dat sy van haar onderdrukkende omstandighede kan ontvlug.
Konstabel se manipulasie laat Meisie toe om iemand anders as haar ma te vertrou,	omdat sy so ’n groot behoefte het om vry te wees.	Bv. Sy ontmoet Konstabel om middernag kaalvoet en in haar wit aannemingsrok.
Konstabel laat Meisie self Miem se huis verlaat sonder dwang,	want hy hipnotiseer haar met die sirkusmusiek wat vir haar ’n simbool van vryheid is.	Bv. Meisie gee haarself oor aan die sirkusmusiek en sy dans by die deur uit saam met Konstabel.
Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan.		
		[25]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 17: MIS KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
17.1	Voorbode, want die bose in die vorm van Konstabel het werklik op die dorp toegeslaan en sonder dat Miem dit besef het, het sy Meisie aan hom oorgelewer. √√	2
17.2	Gertie is Meisie se LO-juffrou √ en Miem se vriendin. √ **EN** Sy is enkellopend en voel dit sal veiliger by Miem se huis wees wanneer daar 'n ontvoerder/moordenaar op die dorp is. √	2 1
17.3	Daar kan 'n jong meisie kaalvoet en in haar aannemingsrok ontvoer/ vermoor word. √ Gertie hoef nie te bekommer nie, want sy is te oud. Die moordenaar se visier is op jong dames. √ Miem vrees vir haar dogter/Meisie se lewe. √	1 1 1
17.4	Nee, hulle reaksie is oordrewe, want 'n moordenaar/ ontvoerder sal nie aan die deur klop nie en daarom het hul nie rede om te bekommer nie. **OF** Ja, want hulle weet dat die moordenaar/ontvoerder op hierdie aand gaan toeslaan en daarom is die geringste ding wat buite die norm gebeur 'n rede vir kommer. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
17.5	'n Mens sal verwag dat 'n hond vir alle vreemdelinge blaf, maar Miem dink dat Wagter sal weet dat Konstabel vir die polisie werk en daarom nie geblaf het nie./ 'n Mens sal dink dat Miem bekommerd sal wees dat Wagter nie vir die vreemdeling geblaf het nie, maar Miem is juis daardeur gerus gestel. √ *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
17.6	Die donker brilletjie √ en die kierie. √ Hierdie is aanduidings dat Konstabel blind is. √	2 1
17.7	Dit is geslaagd, want die sirkusmusiek simboliseer die bose √ en Konstabel is die ontvoerder. √ *Kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*	2

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

17.8	Neweteks √ **EN** Die gehoor weet dat Konstabel 'n bedrieër is, maar Miem weet steeds nie dat sy die bose in haar huis ingelaat het nie. √	1 1
17.9	Konstabel √ Hy maak of hy blind is om die vroue se vertroue te wen, maar kan in werklikheid sien. √ Miem √ Vertrou Konstabel blindelings en sien net raak in hom dit wat sy kies om te sien – 'n potensiële man vir Meisie/ 'n geleentheid om Gabriël uit die solder te kry. √	1 1 1 1
17.10	Hy sou vir Meisie die opdrag gegee het toe hul saam Gabriël se slopemmer gaan uitgooi het. √	1
17.11	Miem het vir Meisie so opgepiep dat sy te naïef is om Konstabel as die bose/ gevaar raak te sien. √	1
17.12	Teks K: motoriese moment √ Teks L: krisis √	1 1
		[25]
	TOTAAL AFDELING C:	**25**
	GROOTTOTAAL	**80**

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD **Interpretasie van onderwerp** **Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks** **6 PUNTE**	**5–6**	**4**	**3**	**2**	**0–1**
	- Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en gedig.	- Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en gedig duidelik.	- Redelike interpretasie van die onderwerp. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - Basiese begrip van genre en gedig.	- Onbevredigende interpretasie van die onderwerp. - Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie. - Onvoldoende begrip van genre en gedig.	- Geen begrip van die onderwerp nie. - Geen verwysing na die gedig nie. - Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie.
STRUKTUUR EN TAAL **Struktuur, logiese vloei en aanbieding** **Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel** **4 PUNTE**	**4**	**3**	**2**	**1**	**0–1**
	- Samehangende struktuur. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. - Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry.	- Duidelike struktuur en logiese vloei van argument. - Vloei van argument kan gevolg word. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek.	- Enkele bewyse van struktuur. - ŉ Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel. - Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas.	- Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend. - Toon en styl nie geskik nie.	- Struktuur swak. - Ernstige taalfoute. Foutiewe styl.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.
Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD **Interpretasie van onderwerp** **Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks** **15 PUNTE**	**12–15**	**9–11**	**6–8**	**4–**	**0–3**
	- Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13 - Diepgaande interpretasie van onderwerp - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman / drama gerugsteun is - Uitstekende begrip van die genre en teks	- Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer - Respons redelik gedetailleerd - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie - Begrip van genre en teks duidelik	- Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp - Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie - Basiese begrip van genre en teks	- Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie - Min punte wat die onderwerp ondersteun - Baie min relevante argumente - Weinig begrip van genre en teks	- Geen begrip van die onderwerp nie - Swak poging om die vraag te beantwoord - Argumente oortuig nie - Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR EN TAAL **Struktuur, logiese vloei en aanbieding** **Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel** **10 PUNTE**	**8–10**	**6–7**	**4–5**	**2–3**	**0–1**
	- Samehangende struktuur - Uitstekende inleiding en slot - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	- Duidelike struktuur - Logiese vloei van argument - Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	- Enkele bewyse van struktuur - Logika en samehang is duidelik, maar met foute - Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas - Paragrafering meestal korrek	- Struktuur toon tekens van swak beplanning - Argumente nie logies gerangskik nie - Taalfoute beduidend - Toon en styl nie geskik nie - Paragrafering foutief	- Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente - Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk - Styl en toon nie geskik nie - Paragrafering foutief
VERSPREIDING VAN PUNTE	**20–25**	**15–19**	**10–14**	**5–9**	**0–4**

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Downloaded from Grade12pastexampapers.co.za